

INFORMASIE-TEGNOLOGIE

INFORMATION TECHNOLOGY

VERANDER JOU WAGWOORD AANLYN

In die verlede was die IT Dienstoonbank die eerste plek wat jy gekontak het as jy jou wagwoord vergeet het (ons weet, dit gebeur met ons ook!) of as jy dit sommer net wil verander. **Deesdae kan die Dienstoonbank ongelukkig nie meer wagwoorde verander nie weens sekuriteitsrisikos en baie streng data beskermingswette.** (Jy kan hier meer lees oor die universiteit se eie [Dataprivaatheidsregulasie](#))


Ons wil graag personeel en studente aanmoedig om voortaan van die **Wagwoord Selfhelp webwerf** gebruik te maak. Ons besef dat dit ongerieflik mag wees, maar dis belangrik dat ons hierdie prosedure volg vir beide julle en ons beskerming.

Die **Wagwoord Selfhelp webwerf** (www.sun.ac.za/password) bied twee opsies:

1. Change Password vir gebruikers wat weet wat hulle wagwoord is en dit wil verander.
2. Reset Password vir gebruikers wat hulle wagwoord vergeet het.

Om die aanlyn **Wagwoord Selfhelp** funksie te gebruik, is dit belangrik dat jou selfoonnommer of 'n alternatiewe e-posadres op Menslike Hulpbronne se rekords is. Daarsonder sal jy nie jou wagwoord kan verander nie. Hierdie inligting kan jy opdateer deur aan te teken op SUN-e-HR via die personeelportaal, <http://my.sun.ac.za>, of deur jou Menslike Hulpbronne kontakpersoon te vra.

Kies die My Profile skakel en dan Personal Information



The screenshot shows the My.SUN web portal interface. At the top, there is a navigation bar with the My.SUN logo and user roles: Undergraduate, Postgraduate, Staff, and Researcher. Below this is a row of service icons: Notices, SUN-e-HR, Vacancies, SUNLearn, Policies, Procedures, and IDU Budget. The main content area features a 'Filter links' dropdown and a horizontal menu with 'SERVICES', 'MY PROFILE', 'MODULES', 'CURRICULUM', and 'STUDENT ADMIN'. Under 'MY PROFILE', there are several service tiles: Employment Information, Personal Information (highlighted in blue), Pay Slip, My Academic History, My Student Account, My Student Loan, Library Record, and Elections. A 'My Office Location' tile is also visible at the bottom left.

Teken aan by SUN-e-HR.

The image shows a login form on a dark red background. It features two input fields: 'User Name' and 'Password'. Below the fields are two buttons: 'Login' and 'Cancel'. At the bottom of the form is a link labeled 'Login Assistance'.

Kies Basic Details - Update, Other, Personal Email Address

of

Kies Phone Numbers – Update

Tydens die wagwoord veranderingsproses word 'n pinkode, bestaande uit 8 syfers, aan die persoon geSMS of met e-pos gestuur is (afhangende van die opsie wat gekies is). Die pinkode moet gebruik word op die wagwoord selfhelp webbladsy voordat 'n nuwe wagwoord gekies kan word. Sodra 'n wagwoord verander is, word die persoon per epos en sms daarvan in kennis gestel.

Indien die persoon nie die wagwoord verandering versoek het nie, moet hulle dadelik die IT Dienstonbank kontak by 021 8084367.

Posted in: Nuus, Sekuriteit | | With 0 comments